hoog die waarde van die werk. Daar is ook opsommings in vier internasionale tale wat die boek vir oorsese besoekers toeganklik maak. Die teks is ook in Engels gedruk.

Dr. Ploeger begin die geskiedenis van *Over-Vaal* met 'n verwysing na die vroegste geskiedenis van Pretoria. Aanleiding daartoe vind hy in die grond waarop die woning geleë is, nl. Bryntirion wat stukke van drie ou plase insluit, nl. Elandspoort, Koedoespoort en Rietfontein, wat oorspronklik aan Voortrekkers behoort het. Ons sien flitse uit die geskiedenis van die Hoofstad en sy oostelike uitbreiding. Die ontstaan van Bryntirion word geskets sowel as die geskiedenis van die beplanning en bou van die huis, die uitlê van sy tuin en die veranderings wat mettertyd aangebring is. Dit bevat 'n verslag oor die kunsskatte — skilderye en beelde — in die huis asook 'n oorsig oor die sosiale verpligtinge wat aan die amp van administrateur verbonde is. Om dié rede bevat die boek heelwat burgerkunde.

Dr. Ploeger het die werk met entoesiasme geskryf en oral in die teks tref ons patriotiese tone aan. Die talryke fotomateriaal gee 'n helder beeld van die ampswoning, sy omgewing en inhoud. Dis 'n huis wat aan die inwoners van die Provinsie Transvaal behoort. Die boek bring dit binne die bereik van elke burger. 'n Mens waardeer dit dat die Provinsiale Administrasie bereid was om soveel te bestee aan 'n boek vir 'n eenvoudige, maar 'n nie onbelangrike tema nie. Dit is 'n voorbeeld wat navolging behoort te vind. Die skrywer verdien lof vir 'n stuk nougesette navorsing wat as model vir ander soortgelyke ondernemings kan dien.

F. A. van Jaarsveld.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

1. *Bax, D. en Koeman, C.*: Argitektoniese skoonheid in Kaapstad se Kompanjiestuin 1777-1805 (with a summary in English), Registeruitgawe nr. 3, pp. 112 met 41 afb.; Tafelberg-uitgewers, Kaapstad, 1963.
2. *Crossby, H. en Groenewald, J. C.*: Guidance for Standard VI, pp. 63, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1963.
3. *Davis, Norman*, Edited with an Introduction: The Paston Letters, pp. 288, 85c, Oxford Press, London, 1963.
4. *Gilmore, M. P.*: The World of Humanism, 1453-1517, pp. 326, Harper & Row, New York, 1962.
5. *Hartung, prof. dr. Fritz*: Deutsche Geschichte im Zeitalter der Reformation, der Gegenreformation und das 30 jähriges Krieges, Samlung Göschen, Band 1105, pp. 128, DM. 3.60, Walter de Gruyter & Co., Berlin, 1963.
6. *Wessels, F. J.*: Die Republikeinse Grondwet, pp. 231, R1-80, Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, ens., 1962.
7. *Woodward, E. L.*: History of England, University Paperbacks, pp. 197, Methuen, London, 1963.